August 2023 | vol 30

#INTEGRITASZA MONTHLY

INSPIRE AND INNOVATE/INSPIREER EN INNOVEER

#integritasza THE MOVEMENT



"No matter how successful a business is... It's nothing without a foundation of integrity!" – Charissa Bloomberg

Content/Inhoudsopgawe:

1. **Integriteit en bewaringsbeginsels** deur Dr Ansie Malherbe, **Pages 2 -3**
2. **Your invitation** to attend the **#integritasza-conference**, **Page 4**
3. **Eye for Others,** projekleier: Ton van der Smit, **Page 5**
4. **#integritasza-movement** membership, **Page 5**

Integriteit en bewaringsbeginsels

Tydens die navorsingsproses en skryf van my proefskrif “Die rol van neëntiende-eeuse fotografie in eietydse bewaring: William Roe en Graaff-Reinet”, http://hdl.handle.net/10019.1/95870, het die beginsel en waarde van integriteit en etiek telkens na vore gekom.

Om te kan bewaar is wetenskaplike vakkennis nodig, maar die morele gesindheid waarmee die bewaringspraktyke aangepak en toegepas word, is van kardinale belang. Die begrip integriteit het sterk raakpunte met die etiese benadering tot bewaring en worstel voortdurend met wat reg en verkeerd is. Daar is beslis ook raakpunte met die konsep moraliteit.

Hoewel moraliteit en integriteit nie dieselfde konsep is nie, het die twee begrippe in baie opsigte dieselfde eienskappe. Die siening van moraliteit is direk van toepassing op die konsep van erfenisbewaring. Dit wil sê dat moralitieit (in hierdie geval gelyk aan om 'n etiese gedragskode uit te leef), aanspraak maak op die vermoë van die mens om onbevooroordeeld op te tree, hoewel hierdie motivering meestal moet kompeteer met uiters selfsugtige motiewe in ons optrede. Integriteit in die bewaringsopset behels dus totale onbevooroordeelde optrede, eerlikheid gekombineer met respek vir ander mense, besittings en erfenis.

Die proses van bewaring moet volgens beginsels en voorskrifte gedoen word. Hierby sluit die konsepte van etiek en integriteit baie nou aan. Genoemde konsepte is iets waaroor ons moet nadink en probeer verstaan en toepas.

Die waarde van etiek-kennis moet nie onderskat word wanneer ons gedwing word om oor moeilike morele probleme te besin en gewigtige besluite daaroor moet neem nie.

Daar kan met reg gevra word: Hoekom moet beginsels en integriteit geld as daar 'n wet vir die beskerming van erfenis bestaan? Die voor die hand liggende antwoord kan wees dat mense nie wette nakom nie, maar dit is ook waar dat mense nie etiese kodes nakom nie. Dit gebeur egter wel dat mense aangespreek word deur iets wat aanspraak maak op hulle respek vir ander mense, eerder as deur 'n wet wat op hulle afgedwing word.

Etiese kodes en die behoud van die rol wat integriteit speel, is kardinaal vir erfenisbewaring, want ’n stel etiese kodes in bewaringsprosesse gee geloofwaardigheid en sorg dat dit respek in die samelewing afdwing. Vir die eerlikes wat wil weet watter ander moets en moenies daar in die proses van bewaring of ontwikkeling is, wat nie deur die wet gespesifiseer word nie, is 'n etiese kode dus die aangewese dokument

Voorbeelde waar die gedragkodes met die regte gesindheid toegepas moet word is onder andere:

- die verkryging van erfenismateriaal
- die aanwending daarvan
- beginsels rondom bewaring versus ontwikkeling
- die rol van navorsing
- kommodifisering van erfenismateriaal vir toerismebedryf
- verwringing/wysiging van erfenismateriaal ter wille van toerisme

Die integriteitsbeginsel wat hier baie sterk na vore kom, is die fotografie van kinders en ander inwoners van informele woongebiede. Daar kan pragtige foto’s, wat selfs poskaartmateriaal kan wees, geneem

word. Maar is dit reg? Het die kind of persoon 'n keuse om op die foto te verskyn? Watter implikasies hou dit vir die kind en fotograaf se toekoms is. Dit sluit natuurlik ook die foto's in wat van vlugtelinge uit byvoorbeeld Sirië of Soedan geneem word. Erfenis is baie waardevol en onvervangbaar en moet daarom met sorg bewaar en bestuur word. Elke generasie het 'n morele verantwoordelikheid om as trustee van ons natuurlike en kulturele erfenis op te tree en dit vir die volgende geslag te bewaar.
Die verantwoordelikheid vir die bewaring van die hele spektrum van erfenis berus dus op elke persoon en die hele gemeenskap het die verpligting om natuurlike en kulturele erfenis na die beste van hulle vermoë met integriteit te bewaar.

Bewaring kan slegs suksesvol gedoen word as daar 'n bewaringsplan bestaan asook die wil om dit eties uit te voer. Strategieë moet in plek gesitel word vir die uitvoering van sodanige bewaringsplanne. Die grootste probleme rondom etiek en integriteit in bewaring in Suid-Afrika is geldsug, en 'n algemene gebrek aan etiese optrede.

Onkunde bly een van die grootste probleme by bewaringskwessies. Daar is te min goed opgeleide kundiges. Wat argitektuur betref, is daar min mense in die bewaringswêreld wat opgeleide navorsers is, en nog minder wat oor kennis van historiese argitektuurstyle besit. Antiekhandelaars het dikwels nie genoeg kennis van die artefakte om dit na behore te dateer en te ontleed om sodoende korrekte inligting aan kopers deur te gee nie.

As dit by mondelinge oorlewering kom, is daar ook baie potensiaal tot onetiese optrede wat bewaring teëwerk. Navorsers wat onderhoude voer om sekere inligting te bekom, gaan soms oneties te werk deur hulle informante onder die verkeerde indruk te bring, of hulle nie volledig in te lig oor die einddoel van die navorsing nie.

Die probleem van oneerlikheid steek baie maal sy kop uit en meestal is dit met die oog op geldelike wins vir die sogenaamde navorsers. Sterk leiding is nodig om mense bewus te maak van die teoretiese en akademiese sy van kultuur, geskiedenis, bewaring en van navorsing. Aandag sal geskenk moet word aan akademiese opleiding in die veld van bewaring en erfenis, maar die algemene publiek het beslis ook 'n wegwyser nodig om bewaring met die nodige integriteit toe te pas en te verstaan.

Onetiese handel kom ook by foto's voor. Suid-Afrikaners besef nog nie die erfenis- en kultuurwaarde van ou foto's asook die integriteit en moraliteit wat gepaard moet gaan met hedendaagse fotografie beoefening nie. Bewaring oor die breë spektrum moet ingestel wees om kultuurprodukte te bewaar vir die gebruik van navorsers in die toekoms. Weer eens moet die gebruik altyd daarna streef om integriteit en etiese beginsels tydens die bewarings proses aan die dag te lê.

Dr JF (Ansie) Malherbe
2023
Graaff-Reinet

www.watervalfarmstay.co.za

hugenote kollege
Waar Christenwees grondvat in opleiding

Skool vir Sosiale Innovasie
School of Social Innovation

Your invitation to attend:

The #integritasza 2023 Conference and Workshops on Coalition

UFS

CiviNovus
SOCIAL INNOVATION

KONRAD ADENAUER STIFTUNG

Theme	Coalition Governance in South Africa: Dedicated Desired States or Destructive Disasters
Dates	5 December 2023, Tuesday 6 December 2023, Wednesday
Venue	Andrew Murray Centre for Spirituality https://www.andrewmurraysentrum.co.za/home/ 15B Jan van Riebeeck Street, Wellington, South Africa
Why	To provide a platform for stakeholders to co-create practical solutions, policy recommendations, and best practices to enhance coalition governance, strengthen political stability, and ensure effective service delivery with integrity.
How	**Options** 1. **Individual** @ R2,750.00 2. **Silver** @ R6,500.00 for 3 people 3. **Gold** @ R10,500.00 for 5 people 4. **Platinum** Sponsorship @ R20,000.00 for 10 people
Reply	Send email to lyzette@civinovus.co.za and indicate your preferred option of attendance and/or for more information.

Eye For Others Netherlands

Eye For Others South Africa

Ons werk al 30 jaar in informele nedersettings om kinders te ondersteun en te ontwikkel. Deur ons toedoen het baie kinders al hulle Graad 12 en/of Universiteit geslaag.
Ons kan dit nie op ons eie doen nie.
ONDERSTEUN ASSEBLIEF
met 'n skenking en/of geldelike bydrae.
Vir meer inligting kontak:
Ton van der Smit, projekleier van Eye For Others.
E-pos: TonvanderSmit@EyeForOthers.nl
Website: www.EyeForOthers.nl

Eye For Others South Africa is a registered NPO: 090-931
Banking details: Name: Eye For Others South Africa
Bank: FNB business account number 62808011499; Branch 210845.
Address: 80 Gerrit Schouten Way number 8, Minerva Gardens, Kimberley, 8345

Become a member: Support our Purpose to create wholeness and combat corruption! We ACT – create Awareness of the value of integrity; that informs our Choices and builds Trust.

E-mail us at / stuur e-pos aan: admin@civinovus.co.za and visit/besoek www.civinovus.co.za or access the #integritasza social media tags. Contact/ kontak Werner Schwella on/op 083 591 669.

Advertise here for R350 per month.